- (3) Pet parlours, pet shops, pet day care facilities and pet hotels must comply with the environmental health standards as set out in the relevant by-laws, policies and any conditions that the City may attach to their permits.

32. Keeping and slaughtering of animals for religious, cultural, ceremonial and own consumption purposes

- (1) Subject to subsection (2), no person may:
 - (a) slaughter any animal at any place other than at a registered abattoir;
 - (b) permit the slaughter of any animal at any place under their control unless that place is a registered abattoir; or
 - (c) sell or provide meat for human consumption and animal consumption unless it has been slaughtered at an abattoir.
- (2) Subsection 1 does not apply to a slaughter for religious, cultural, ceremonial and own consumption purposes, in terms of the Meat Safety Act, 40 of 2000.
- (3) No meat or animal product obtained from an animal slaughtered as contemplated in subsections 1 may be sold to any person.
- (4) In the case of religious and cultural slaughtering, an application must be made in writing, fourteen (14) days prior to the event.
- (5) The slaughtering of the animal must be conducted in a position as to not allow observation by any person on neighbouring premises or any member of the public.

- (6) The meat from the slaughtered animal may only be used for religious, cultural, ceremonial and own consumption purposes and may not be sold to any person.
- (7) The meat must be handled in a hygienic manner at all times.
- (8) Blood and other waste products from the carcass must be disposed of in a manner which will not become a public health nuisance.
- (9) The animal to be slaughtered must not be kept on the premises for a period in excess of twelve (12) hours, prior to slaughtering.
- (10) Measures must be taken to ensure that no health nuisance is created or exists on the premises as a result of the slaughtering.
- (11) The services of an authorised official or any person deemed as a meat inspector in terms of the Meat Safety Act, 2000 (Act No. 40 of 2000), may be requested for conducting a post-mortem examination of the slaughtered animal at a cost determined by the City.
- (12) Animals selected for slaughter, in terms of the Red Meat Regulations promulgated in terms of the Meat Safety Act, 2000 (Act No. 40 of 2000), must be in a healthy condition.
- (13) Persons intending to keep animals for slaughter shall:
 - (a) Keep the animal off feed for twelve (12) hours, but provide access to water.
 - (b) Ensure that the legs of the animal are not bound.
 - (c) Not run or excite the animal prior to slaughtering because this may cause poor bleeding and give the carcass a bloody appearance.
 - (d) Minimise pain and suffering as per the Meat Safety Act, 2000 (Act No. 40 of 2000).
 - (e) Provide written proof of notification to abutting neighbours which must be submitted with the application in residential areas only; and
 - (f) Ensure all areas are kept free of animal waste.
- (14) Standard consent form must be completed by applicant.
- (15) Number of animals and duration of event must be indicated by the applicant.
- (16) No noise nuisance shall occur prior to and during the slaughtering process.
- (17) All waste products to be disposed on in a manner approved by the Director: City Health.

33. Drainage

- (1) A person who keeps animals must ensure that all sinks, wash hand basins, baths, shower-baths, troughs, floor surfaces, channels and washing platforms required to be drained in terms of these by-laws are drained in accordance with the provisions of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act No.103 of 1977).

CHAPTER 3: BEE KEEPING**34. Keeping of bees**

- (1) No person may keep bees in a residential area or public open space without the permission of the City.
- (2) The City may set standards and requirements applicable to bee keeping.
- (3) No person may keep bees within the City without registration with a registered bee keepers' association or the National Department responsible for agriculture.
- (4) Proof of registration must be submitted to the City in the prescribed manner within 30 days of receipt.
- (5) The City may establish and maintain a bee keeping database and inspect bee keeping premises in accordance with relevant by-laws, City policies and Standard Operating Procedures.
- (6) Bee keeping may not cause a health nuisance or nuisance.

CHAPTER 4: ENFORCEMENT**35. Offences and penalties**

- (1) Any person who –

- (a) contravenes or fails to comply with any provision of this By-law or disobeys any instruction or written compliance notice by an authorised official enforcing this By-law;
- (b) obstructs or hinders any person in the execution of any power or the performance of any duty or function in terms of any provision of this By-law;
or
- (c) furnishes false, incorrect or misleading information when applying for permission from the City in terms of a provision of this by-law;

is guilty of an offence and liable to a fine or upon conviction to a period of imprisonment for a period not exceeding two years, or to both a fine and such imprisonment

36. Powers and functions of authorised officials

- (1) An authorised official may, for the purposes of enforcing this By-Law-
 - (a) instruct a person who is in contravention to-
 - (i) stop the conduct prohibited under the By-Law;

- (ii) remove any obstruction to the safe or free passage of a pedestrian or motor vehicle;
 - (iii) leave and remain out of a specified public place;
- (b) issue a written compliance notice on a person contravening the By-Law, which notice must include the following-
- (i) describe the conduct constituting a contravention of the By-Law;
 - (ii) indicate the section of the By-Law contravened;
 - (iii) specify the steps to be taken to comply with the notice;
 - (iv) (iv) specify the time periods within which the steps have to be taken;
 - (v) state that the failure to comply with the compliance notice constitutes an offence in addition to the contravention of the section contemplated in sub-paragraph (ii); and
 - (vi) state that, in the event of non-compliance, that person will be liable for a fine for both the contravention and for not complying with the compliance notice and state the amount of the fine;
- (c) issue a notice in terms of sections 56 or 341 of the Criminal Procedure Act, 51 of 1977 if –
- (i) a person contravenes a provision of the By-Law; or
 - (ii) a person fails or refuses to comply with a direction in terms of paragraph (a) or a compliance notice in terms of paragraph (b);
- (d) without a search warrant search any person, vehicle, or structure for the purpose of seizing any article which is, or is on reasonable grounds believed to be, concerned with the commission of an offence in terms of this By-law if –
- (i) the person consents to the search;
 - (ii) the person does not consent, the official, on reasonable grounds believes—
 - (aa) that a search warrant will be issued under paragraph (a) of section 21 (1) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977) if application is made for a warrant; and
 - (bb) that the delay in obtaining a warrant would defeat the object of the search; or
 - (iii) in terms of section 23 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977);

- (e) arrest a person, who commits an offence in terms of the By-Law, in terms of section 40(1)(a) to (f), (h) and (j) of the Criminal Procedure Act, 51 of 1977 and, if necessary, search the person arrested in terms of section 23 of that Act;
 - (f) impound, in accordance with the City's Standard Operating Procedure on the Impoundment of Goods and Animals, 2012, any personal items of persons arrested in accordance with this By-law;
 - (g) require any person to furnish their name and address and other particulars that are required for identification or for any process if the authorised official reasonably suspects this person of having committed an offence in terms of this By-law or, if in the opinion of the authorised official, that person is able to give evidence in regard to the commission of any such offence;
 - (h) conduct an inspection in relation to any premises or business –
 - (i) to determine whether the provisions of this By-Law are being complied with;
 - (ii) where there are reasonable grounds for believing that a provision of this By-law has been contravened;
 - (iii) inspect the premises or any vehicle that is used or that they reasonably suspect is being used for the business and anything on the premises or anything in the vehicle; and
 - (iv) question any person on the premises or in the vehicle or any person who has recently been on the premises or in the vehicle; and
 - (i) enter any premises or business at all reasonable times, where there has been an allegation that a provision of this By-law has been contravened.
- (2) Should the person on whom a written compliance notice was issued in terms of subsection (1) fail to comply, or inadequately comply, with the written compliance notice, the City may –
- (a) take measures that the City considers appropriate to remedy the situation or may authorise another person to take such measures; and
 - (b) recover costs in terms of its Credit Control and Debt Collection Policy and the Credit Control and Debt Collection By-law 2006 or similar legislation or policy, for the measures to be undertaken and all costs incurred as a result of acting under this By-law, from any or all of the persons on whom the written compliance notice was issued.
- (3) In exercising any power under this section every authorised official must-
- (a) exercise their powers reasonably with due regard to every person's fundamental rights under Chapter 2 of the Constitution;

- (b) ensure if force is required under the circumstances, the level of force is justifiable and proportional; and
 - (c) in the absence of an authorised official contemplated in subsection (4), take steps to prevent any other authorised official from exercising powers in contravention of paragraphs (a) and (b).
- (4) The authorised official in charge must exercise their duty of care by intervening and taking the necessary steps to curtail any unreasonable exercise of powers or disproportionate use of force by any official under their command.

37. Indemnity

- (1) Neither the City nor any authorised official is liable for any damages in respect of anything lawfully done or omitted in the reasonable exercising of any power or carrying out any function in terms of this By-law.

38. Appeal

- (1) A person whose rights are affected by a decision taken in terms of this By-law may appeal against that decision by giving written notice of, and reasons for, the appeal in terms of section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No 32 of 2000) to the City Manager within 21 days of the notification of the decision.
- (2) Any authorised official making a decision in terms of this By-law must inform any person affected by the decision of that person's right to appeal in terms of subsection (1).

CHAPTER 5: MISCELLANEOUS

39. Repeal

The City of Cape Town Animal By-Law, 2010 is hereby repealed.

40. Short title and Commencement

This law is called the City of Cape Town Animal Keeping By-Law, 2021 and shall come into operation on the date of publication in the Provincial Gazette.



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

VERORDENING OP DIE AANHOU VAN DIERE, 2021

Stad Kaapstad: Verordening op die Aanhou van Diere, 2021

Om bepalings neer te lê vir die bestuur en beskerming van inwoners én diere se belange deur beheer uit te oefen oor die getalle en tipes diere wat aangehou mag word, sowel as oor die omstandighede waarin sodanige diere aangehou, gehuisves en versorg mag word, en vir die voorkoming van moontlike steurnisse, verlies, skade of siekte wat uit die aanhou van sodanige diere kan ontstaan.

AANHEF

AANGESIEN artikel 156(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, 'n munisipaliteit die uitvoerende gesag en reg op administrasie gee ten opsigte van (a) die plaaslike regeringsaangeleenthede in deel B van bylae 4 en deel B van bylae 5 by die Grondwet, sowel as (b) enige ander aangeleentheid wat nasionale of provinsiale wetgewing aan die munisipaliteit opdra;

AANGESIEN die Stad ingevolge deel B van bylae 5 by die Grondwet en ooreenkomstig artikel 155(6)(a) en (7) van die Grondwet oor wetgewende bevoegdheid beskik met betrekking tot beheer oor openbare steurnisse, skutte, geriewe vir die huisvesting, versorging en begrawe van diere, die lisensiëring van honde, die lisensiëring van en beheer oor ondernemings wat kos aan die publiek verkoop, markte, munisipale abattoirs, straathandel, munisipale paaie, verkeer en parkering;

AANGESIEN die Stad ingevolge deel B van bylae 4 by die Grondwet en ooreenkomstig artikel 155(6)(a) en (7) van die Grondwet oor wetgewende bevoegdheid beskik met betrekking tot munisipale gesondheidsdienste;

EN AANGESIEN daar 'n behoefte bestaan aan wetgewing om bepalings neer te lê vir die veilige, higiëniese en verantwoordelike aanhou van diere in die regsgebied van die Stad en enige aangeleenthede wat daarmee verband hou;

DAAROM VERORDEN die munisipale raad van die Stad Kaapstad soos volg:

INDELING VAN ARTIKELS

1. Woordoms krywing	4
2. Beperking op getal diere	7
3. Regulering van teling	7
4. Beperking op getal honde	8
5. Permitte om meer as die voorgeskrewe getal honde en katte aan te hou	9
6. Beperking op getal katte	9
7. Diere mag nie 'n bron van gevaar wees nie	10
8. Dieregevegte	10
9. Vuurwerk	10
10. Aanwys van openbare plekke as losloop-, leiband- of verbode gebiede	11
11. Verwydering van ontlasting	11
12. Die vertoon of tentoonstelling van 'n dier vir vermaak of finansiële gewin	11
13. Diere wat te koop aangebied word	11
14. Beheer oor diere	13
15. Beheer oor werksdiere	14
16. Werksperde	14
17. Beslaglegging op, skut en van kant maak van werksperde	15
18. Verbod op bevryding van geskutte werksperde	15
19. Rondloperdiere	15
20. Beslaglegging op en verwydering van 'n dier	16
21. Welsynsfasiliteite vir die versorging en huisvesting van diere	17
22. Totstandbrenging van 'n skut en aanstelling van 'n skutmeester	17
23. Aanhouders van diere	17
24. Steurnis	18
25. Permitte	18
26. Die aanhou van honde en katte	19
27. Die aanhou van gevaarlike diere	19
28. Die aanhou van wilde diere	19
29. Standaarde en vereistes vir die aanhou van diere op persele	20
30. Algemene higiënevereistes vir die aanhou van diere en pluimvee	20
31. Standaarde en vereistes vir troeteldiersalonne, -winkels, -dagsorgfasiliteite en -hotelle	21
32. Die aanhou en slag van diere vir godsdienstige, kulturele, seremoniële en eie verbruiksdoeleindes	22
33. Dreinerings	23
34. Die aanhou van bye	23
35. Misdrywe en strawwe	24
36. Magte en bevoegdhede van gemagtigde amptenare	24

37.	Vrywaring	26
38.	Appèl	26
39.	Herroeping	27
40.	Kort titel en inwerkingtreding	27

1. Woordoms krywing

In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

“aanhouer van diere”:

(a) ten opsigte van enige spesifieke dier, die eienaar of mede-eienaar van die dier, of enige ander persoon in besit van die dier of wat daarvoor verantwoordelik is om die dier te voer en te versorg; en

(b) ten opsigte van ’n katte- of hondeherberg of -telery, of ’n troeteldiersalon of -winkel, die persoon wat die onderneming bedryf, of die persoon in beheer van die perseel waarop die onderneming bedryf word;

“boerdery of landboudoeleindes” die bewerking van grond vir gewasse en plante, die aanhou en teel van diere, byeteelt, of die bedryf van ’n wildsplaas, met inbegrip van sodanige aktiwiteite en geboue as wat redelikerwys met die hoofboerderyaktiwiteite verband hou, soos wooneenhede vir die boer, plaasbestuurder en plaaswerkers, die verpakking van landbouprodukte wat op die eiendom gekweek word vir lewering aan die mark, en ’n kwekery, maar met uitsluiting van intensiewe tuinbou, intensiewe diereboerdery, ’n plaaswinkel, die oes van natuurlike hulpbronne en ’n landbounywerheid;

“bye” heuningbye;

“dier” enige perd, bees, vark, skaap, bok, kameel, reptiel, hond, kat, pluimvee, volstruis, voël, konyn, vis of ander waterdier, knaagdier in gevangenskap, enige ander mak dier en inheemse dier, met inbegrip van enige wilde dier of eksotiese dier wat op enige manier in gevangenskap of onder enige persoon se beheer is;

“dieraangedrewe vervoermiddel” enige kar of ander tipe vervoermiddel wat fisies op enige manier aan enige dier vasgemaak word om sodanige kar of ander tipe vervoermiddel te laat beweeg;

“eienaar” ten opsigte van ’n dier, onder meer enige persoon in wie se besit of onder wie se beheer of toesig daardie dier is;

“gemagtigde amptenaar” ’n werknemer van die Stad wat verantwoordelik is om enige plig of funksie of bevoegdheid ingevolge hierdie verordening te verrig of uit te oefen, met inbegrip van ’n werknemer wat gedelegeer of aangewys word om sodanige plig, funksie of bevoegdheid te verrig of uit te oefen;

“gesondheidsoorlas” enige aktiwiteit, toestand, perseel of ding wat, vanweë uitvloeiing, dampe, chemiese uitwaseming, reuke, geraas, vullis, afvalprodukte, vuil, chemiese of biochemiese materiaal, mikrobiële infeksie, ongediertes, ’n gebrek aan behoorlike algemene higiëne, ventilasie, lig, ontwerp of ligging, of weens enige ander oorsaak of praktyk hoegenaamd, na die oordeel van die direkteur: stadsgesondheid of ’n gemagtigde amptenaar moontlike gesondheidsnadele of -gevaar inhou of aanstootlik is, wat insluit, dog sonder om aan die algemeenheid van die voorafgaande afbreuk te doen, enige fasiliteit vir die berging, verspreiding of hantering van water wat waarskynlik vir menslike huishoudelike

doeleindes of verbruik aangewend sal word, met inbegrip van sodanige water self, wat besmet of besoedel is;

“gevaarlike dier” enige dier wat ’n redelike of moontlike gevaar inhou vir die veiligheid van enige persoon, dier of eiendom, of enige persoon of dier sonder enige aanleiding aangeval het, of eiendom beskadig het;

“gevangenskap” ten opsigte van enige dier, aanhouding in ’n ruimte wat deur middel van enige omheining, muur of enige tipe versperring hoegenaamd ingeperk is sodat sodanige dier nie kan ontsnap nie;

“gidshond” ’n hond wat opgelei is om blinde persone of diegene met aangetaste sig by te staan, met inbegrip van ’n dienshond wat opgelei is om persone met verstandelike of fisiese gestremdhede by te staan;

“groot dier” onder meer enige perd, ponie, donkie, muil, bees, wildsbok, skaap, vark, bok, volstruis of kameel, en enige ander dier van ’n soortgelyke grootte of groter;

“groot woonhuis” ’n woonhuis op ’n erf van meer as seshonderd (600) vierkante meter;

“hondeherberg” ’n perseel waarin of waarop –

- a) huisvestingsgeriewe vir honde voorsien word;
- b) honde aangehou word vir die doel van opleiding of verhuring, met of sonder hanteerders; of
- c) honde vir kommersiële sekuriteitsdoeleindes aangehou word;

“hondetelery” ’n perseel waarin of waarop honde vir kommersiële doeleindes geteel word;

“karkas” die oorskot van enige dooie dier of pluimvee;

“katteherberg” ’n perseel waarin of waarop huisvestingsgeriewe vir katte voorsien word;

“kattetelery” ’n perseel waarin of waarop katte vir kommersiële doeleindes geteel word;

“konynhok” enige oordekte gebou of struktuur waarin konyne aangehou word;

“korf” ’n houer van hout of ’n ander tipe materiaal wat geskik is om bye in aan te hou;

“landboueiendom” grond wat ingevolge die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015, vir sodanige doeleinde gesoneer is;

“openbare gesondheid” die praktyk van siektevoorkoming en die bevordering van die gesondheid en fisiese welstand van die mense in die regsgebied van die Stad;

“openbare plek” onder meer –

- (a) ’n openbare pad, parkeerterrein, vierkant, park, ontspanningsterrein, sportterrein, sanitêre steeg, oop ruimte, strand, winkelsentrum op munisipale grond, ongebruikte of onbeboude munisipale grond of begraafplaas wat –
 - (i) vir die publiek se gebruik voorsien, geoormerk of opsygesit is; of
 - (ii) aan die publiek gewy is;
- (b) openbare vervoer wat diensverskaffers namens die Stad bedryf, maar met uitsluiting van openbare grond wat deur die Stad verhuur word;

“permit” die skriftelike toestemming van die Stad ingevolge hierdie verordening;

“perseel”

- a) ’n gebou, tent of enige ander struktuur, saam met die grond waarop dit geleë is, en die aangrensende grond wat in verband daarmee gebruik word;
- b) enige grond sonder geboue of tente; en
- c) ook enige voertuig, vervoermiddel, skip of boot;

“persoon” onder meer enige regeringsfeer of natuurlike of regspersone;

“pluimvee” enige jagvoël, gans, volstruis, eend, duif, kalkoen, makou, tarentaal, mannetjie- of wyfiepou, hoender of voël, hetsy mak of wild;

“pluimveehok” enige oordekte gebou of struktuur waarin pluimvee aangehou word;

“pluimveekamp” ’n onoordekte ruimte wat met draadmaas of op ’n ander manier omhein is waarin pluimvee aangehou word, ongeag of dit aan ’n pluimveehok vas is of nie;

“Raad” die Raad van die Stad Kaapstad;

“rondloperdier” enige dier wat nie onder die direkte beheer van ’n persoon is nie, of nie verhinder word om rond te loop nie, of ’n dier wat ontsnap of verdwaal het;

“skut” ’n plek wat die Stad ingevolge enige wet vir die skut, verkoop en van kant maak van diere aanwys, met inbegrip van die perseel van dierewelsynsorganisasies wat deur die Stad erken word;

“skutmeester” ’n persoon wat deur die Stad aangestel is om in beheer te wees van ’n skut;

“Stad” die Stad Kaapstad, ’n munisipaliteit wat ingestel is deur die Stad Kaapstadstigingskennisgewing no. 479 van 2000, wat ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) uitgereik is, of enige struktuur of werknemer van die Stad wat ingevolge gedelegeerde bevoegdheid optree;

“steurnis” onder meer ’n handeling of versuim wat aanstootlik is, gesondheidsnadele of -gevaar inhou, weselik met die gewone gemak, gerief, rus of vrede van die publiek inmeng, of die algemene publiek nadelig raak;

“struktuur” enige stal, skuur, hok, kraal, kamp, oordekking, loophok, gebou of enige ander ingeslote ruimte wat vir die aanhou, huisvesting of inperking van diere en pluimvee gebruik word;

“troeteldier” enige huis- of ander dier wat wettig aangehou mag word;

“troeteldiersalon” ’n onderneming wat deur die Stad goedgekeur is om ’n skoonheidsbehandelingsdiens vir troeteldiere te lewer deur die diere te was, droog te maak, te borsel, hulle hare te knip of korter te sny en te kleur, hulle naels en tande te versorg, en enige verbandhoudende behandelings;

“troeteldierwinkel” ’n sakeperseel wat deur die Stad goedgekeur is om troeteldiere aan te hou en te verkoop;

“voël” onder meer enige wilde voël, maar nie pluimvee nie;

“werksdier” ’n dier wat opgelei is om sekere take tot mense se voordeel te verrig;

“**wilde dier**” enige lewende gewerwede of ongewerwede dier van ’n spesie wat nie huisdiere is nie (met inbegrip van enige sodanige dier se eiers of saad), wat insluit enige sodanige dier wat in gevangenskap gebore is of aangehou word;

“**wooneenheid**” ’n volledig toegeruste, aaneengeskakelde groep vertrekke met hoogstens een kombuis wat vir die verblyf en behuising van een gesin of ’n maksimum van vyf tydelike gaste gebruik word, saam met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik daarmee saam gebruik word, maar met uitsluiting van kwartiere vir huiswerkers, of toeristeverblyf, of verblyf wat as deel van ’n hotel gebruik word; en

“**woonhuis**” ’n gebou wat uit slegs een wooneenheid bestaan, saam met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik saam met ’n woonhuis gebruik word, met inbegrip van kwartiere vir huiswerkers.

HOOFSTUK 1: ALGEMENE BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIERE

2. Beperking op getal diere

- (1) Die Stad kan die getal diere bepaal wat op enige perseel aangehou mag word.
- (2) Die getal diere wat in subartikel (1) bepaal word, is nie van toepassing nie op enige persoon wat –
 - (a) die regmatige eienaar of bestuurder in beheer van ’n troeteldierwinkel is;
 - (b) die eienaar of bestuurder in beheer van ’n perseel is waar diere aangehou of opgelei word, en waar sodanige aanhouding of opleiding onder die beskerming van ’n geregistreerde dierevereniging geskied;
 - (c) die eienaar of bestuurder van ’n veeartsenykundige kliniek is;
 - (d) in beheer is van honde of perde van die Stad se metropolisedepartement, die Suid-Afrikaanse Polisie of die Suid-Afrikaanse Weermag wat vir bedryfsdoeleindes aangehou word; of
 - (e) ’n skut bedryf.

3. Regulering van teling

- (1) Alle honde en katte (manlik en vroulik) van ouer as ses maande moet gesteriliseer word, tensy die eienaar ’n permit van die Stad bekom om die dier ongesteryliseer te hou.
- (2) ’n Aansoek om ’n dier ongesteryliseer te hou moet skriftelik op ’n voorgeskrewe vorm ooreenkomstig die tersaaklike Stadsbeleide en -standaardbedryfsprosedures geskied en van die voorgeskrewe fooi vergesel wees.
- (3) ’n Gemagtigde amptenaar kan ’n dier laat steriliseer en die koste daarvan van die eienaar laat verhaal indien –
 - (a) dit na die amptenaar se mening in die dier se belang is;
 - (b) dit na die amptenaar se mening nodig is om steurnis te voorkom;
 - (c) die dier ’n rondloperdier is;
 - (d) die eienaar so versoek; en
 - (e) die dier op beslag gelê en geskut is of by ’n oortreding betrokke was.

4. Beperking op getal honde

- (1) Die Stad kan die getal honde bepaal wat op enige perseel aangehou mag word.
- (2) By gebrek aan 'n bepaling ingevolge subartikel (1) en onderworpe aan die bepalings van subartikels (3) en (4) mag geen persoon meer as –
 - (a) twee honde ouer as ses maande in of by 'n wooneenheid aanhou, of dit toelaat nie;
 - (b) drie honde ouer as ses maande in of by 'n woonhuis aanhou, of dit toelaat nie;
 - (c) vier honde ouer as ses maande in of by 'n groot woonhuis aanhou, of dit toelaat nie;
 - (d) ses honde ouer as ses maande op 'n landboueiendom aanhou, of dit toelaat nie; of
 - (e) drie honde ouer as ses maande op of by enige ander perseel aanhou, of dit toelaat nie.
- (3) Subartikel (2) is nie van toepassing nie op enige persoon wat –
 - (a) oor 'n permit beskik om meer honde aan te hou, welke permit ingevolge artikel 5 uitgereik is;
 - (b) oor 'n permit beskik om 'n hondeherberg of -telery te bedryf;
 - (c) die eienaar of bestuurder in beheer van 'n troeteldierwinkel is en oor skriftelike bewys beskik dat alle honde onder sy/haar beheer teen hondesiekte, hepatitis, hokhoes (“kennel cough”) en parvovirus ingeënt is;
 - (d) die eienaar of in beheer is van 'n perseel waar gidshonde aangehou of opgelei word, en sodanige aanhouding en opleiding onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Gidshondevereniging geskied;
 - (e) die eienaar of bestuurder van 'n veeartsenykundige kliniek is;
 - (f) in beheer is van honde en perde van die Stad se metropolisedepartement, die Suid-Afrikaanse Polisiediens of die Suid-Afrikaanse Weermag wat vir bedryfsdoeleindes aangehou word; of
 - (g) 'n skut bedryf.
- (4) 'n Persoon wie se permit om 'n hond aan te hou gekanselleer is, of uit wie se sorg 'n hond voorheen verwyder is, of wat 'n vorige strafregtelike skuldigbevinding of siviele vonnis teen hom/haar het ten opsigte van 'n hond in sy/haar sorg, mag nie 'n hond aanhou nie, tensy die Stad anders bepaal.

5. Permitte om meer as die voorgeskrewe getal honde en katte aan te hou

- (1) Enige persoon wat méér honde of katte op 'n perseel wil aanhou as die voorgeskrewe getal wat ingevolge artikel 4 en 6 vir daardie tipe perseel voorgeskryf word, moet by die Stad om 'n permit aansoek doen.
- (2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet skriftelik op 'n voorgeskrewe vorm geskied en van die voorgeskrewe fooi vergesel wees.
- (3) Die Stad kan van die aansoeker vereis om enige inligting te voorsien wat die Stad as tersaaklik beskou om 'n ingeligte besluit te neem.
- (4) Die Stad kan weier om 'n aansoek ingevolge subartikel (1) te oorweeg indien die bepalings van subartikel (2) nie nagekom is nie, of indien inligting wat in subartikel (3) beoog word, nie voorsien is nie.
- (5) Die Stad kan slegs 'n aansoek ingevolge subartikel (1) oorweeg ná ontvangs van 'n skriftelike verslag van 'n gemagtigde amptenaar –
 - (a) wat aandui of die hond of kat waarvoor die permit vereis word waarskynlik 'n openbare gesondheidsoorlas sal veroorsaak, en of die aanhou van sodanige hond of kat tot 'n oortreding van artikel 5 of 6 kan aanleiding gee;
 - (b) wat die uitslag uiteensit van 'n inspeksie van die perseel waar die betrokke hond of kat aangehou word of sal word; en
 - (c) wat aandui of 'n hond of kat voorheen uit die aansoeker se sorg verwyder is, en of die aansoeker 'n vorige strafregtelike skuldigbevinding of siviele vonnis teen hom/haar het ten opsigte van 'n dier in sy/haar sorg.
- (6) Die Stad kan 'n aansoek ingevolge subartikel (1) hetsy van die hand wys óf goedkeur onderworpe aan enige voorwaardes wat bedoel is om die risiko te beperk dat enige openbare gesondheidsoorlas as gevolg van die honde of katte op die betrokke perseel sal voorkom of voortduur, of om sodanige risiko tot 'n vlak te verlaag wat vir die Stad aanvaarbaar is.
- (7) Vir enige aansoek wat ingevolge subartikel (6) goedgekeur word, moet 'n gemagtigde amptenaar 'n permit op 'n voorgeskrewe vorm uitreik wat elke voorwaarde wat die Stad oplê, uiteensit.
- (8) 'n Permit is nie oordraagbaar van een persoon na 'n ander óf van die perseel waarvoor dit uitgereik is na 'n ander perseel nie.

6. Beperking op getal katte

- (1) Die Stad kan die getal katte bepaal wat op enige perseel aangehou mag word.
- (2) By gebrek aan 'n bepaling ingevolge subartikel (1) en onderworpe aan die bepalings van subartikels (3) en (4) mag geen persoon meer as –
 - (a) vier katte ouer as ses maande op enige perseel aanhou, of dit toelaat nie;
 - (b) ses katte op 'n landboueiendom aanhou, of dit toelaat nie.
- (3) Subartikel (2) is nie van toepassing op enige persoon wat oor 'n permit beskik wat ingevolge artikel 5 uitgereik is nie.

- (4) 'n Persoon uit wie se sorg 'n kat voorheen verwyder is, of wat 'n vorige strafregtelike skuldigbevinding of siviele vonnis teen hom/haar het ten opsigte van 'n kat in sy/haar sorg, mag nie 'n kat aanhou nie, tensy die Stad anders bepaal.
- (5) Geen persoon sal enige kat aanhou waarvan die halsband of mikroskyfie nie 'n naam, telefoonnommer en straatadres of 'n verwysing na 'n dierebeskermingsvereniging of 'n geregistreerde dierewelsynsorganisasie bevat nie.

7. Diere mag nie 'n bron van gevaar wees nie

- (1) Geen persoon mag enige dier aanmoedig, aanhits of uitlok om enige persoon of dier aan te val, lastig te val of skrik te maak, of uit agtelosigheid nalaat om te verhoed dat enige dier enige persoon of dier aanval, lastig val of skrikmaak nie.
- (2) Enige persoon wat 'n dier op enige perseel aanhou, moet sodanige dier op so 'n wyse aanhou dat dit nie 'n bron van gevaar vir Stadswerknemers inhou wat sodanige perseel betree met die doel om hulle pligte uit te voer nie.
- (3) 'n Kennisgewing wat aandui dat 'n gevaarlike dier op die perseel aangehou word, moet op 'n opvallende plek by elke toegangspunt tot die perseel vertoon word.

8. Dieregevegte

(1) Enige persoon wat –

- (a) 'n dier besit, aanhou, invoer, koop, verkoop, oplei, teel of onder sy/haar beheer het vir die doel om teen enige ander dier te baklei;
- (b) enige dier aanspoor, uitlok of aanhits om 'n ander dier aan te val of voort te gaan om teen 'n ander dier te baklei;
- (c) dieregevegte bevorder vir finansiële gewin of as 'n vorm van vermaak;
- (d) toelaat dat enige van die handeling in paragraaf (a) en (c) hierbo op enige perseel of plek in sy/haar besit of onder sy/haar beheer geskied;
- (e) enige perseel of openbare plek besit, gebruik of beheer vir die doel, of deels vir die doel, om dieregevegte by sodanige perseel of openbare plek aan te bied, of wat die bestuur van sodanige perseel of openbare plek behartig of ondersteun, of wat enige vergoeding daarvoor ontvang om enige persoon tot sodanige perseel of openbare plek toe te laat; of
- (f) as 'n toeskouer aanwesig is by enige perseel of openbare plek waar enige van die tipe handeling in paragraaf (b) tot (e) geskied, of waar voorbereidings vir sodanige handeling getref word,

is skuldig aan 'n misdryf.

- (2) Tensy bewys van die teendeel gelewer word, sal daar in enige vervolging aanvaar word dat 'n dier wat by enige perseel of openbare plek aangetref word, die eiendom of onder die beheer is van die eienaar van daardie perseel of openbare plek, of van die persoon wat die perseel of openbare plek gebruik of beheer.

9. Vuurwerk

- (1) Geen persoon mag enige dier opsetlik of uit nalatigheid met vuurwerk of op enige ander wyse verskrik, ontstel of leed aandoen nie.

10. Aanwys van openbare plekke as losloop-, leiband- of verbode gebiede

- (1) Die Stad kan openbare plekke met gepaste tekens aanwys as areas waar honde kan los loop, aan 'n leiband moet wees of nie toegelaat word nie, welke aanwysing kan wissel na gelang van die tyd van die dag en die seisoen.

11. Verwydering van ontlasting

- (1) Indien enige dier in enige openbare straat, openbare plek of openbare pad ontlast, moet enige persoon in beheer van sodanige dier, met die uitsondering van 'n persoon wat deur 'n gidshond bygestaan word, die ontlasting onverwyld verwyder, in 'n plastiek- of papiersak of -omhulsel sit en in 'n houer plaas wat vir die wegdoening van vullis of vuilgoed bestem is.
- (2) Geen persoon mag in 'n openbare straat, openbare plek of openbare pad met 'n dier, buiten 'n gidshond, stap sonder genoeg plastiek- of papiersakke of -omhulsels byderhand waarin die ontlasting van die dier geplaas kan word ingeval die dier sou ontlast nie.

12. Die vertoon of tentoonstelling van 'n dier vir vermaak of finansiële gewin

- (1) Geen persoon mag 'n dier in 'n openbare ruimte of openbare pad vir vermaak of finansiële gewin vertoon of ten toon stel nie, tensy sodanige persoon oor 'n permit van die Stad of CapeNature beskik. Dit sluit in die gebruik van 'n dier om te bedel of geld in te samel. Ingeval die Stad 'n aansoek vir die vertoon of tentoonstelling van 'n dier vir vermaak of finansiële gewin ontvang, sal die Stad 'n dierewelsynsinspekteur wat ingevolge artikel 8(1) van die Wet op Dierebeskerming (Wet 71 van 1962) gemagtig is, vir kommentaar en insette raadpleeg.

13. Diere wat te koop aangebied word

- (1) 'n Persoon of bestuurder van 'n perseel waar diere te koop aangebied word, moet behoorlik rekord hou van die diere se inentings en mag nie sodanige diere oornag sonder toesig laat nie.
- (2) Die aanhou, teel of verkoop van enige dier as deel van sake- of ekonomiese aktiwiteite vereis magtiging van die Stad.
- (3) Subartikel (2) sluit kommersiële telers van metgeseldiere in.
- (4) 'n Aansoek om magtiging moet by die Stad ingedien en voor die aanvang van die sake- of ekonomiese aktiwiteit toegestaan word. Die aansoek moet ten minste die volgende insluit –
 - (a) besonderhede van die tipe sake- of ekonomiese aktiwiteit;
 - (b) die persoon wat verantwoordelik is vir die sake- of ekonomiese aktiwiteit;
 - (c) adres en besonderhede van die perseel of onderneming;
 - (d) getal, geslag, ouderdom, ras en spesie van diere of pluimvee wat aangehou word;
 - (e) besonderhede van kampe/hokke en die afmetings daarvan, met inbegrip van foto's;
 - (f) besonderhede van werknemers en hulle tersaaklike vaardighede of kennis;

- (g) naam van veearts(e) en tersaaklike kennis of nagraadse opleiding;
 - (h) 'n volledige verduideliking van hoe daar in die welsynsbehoefes van die diere voorsien sal word; en
 - (i) bewys van genoeg geld om die diere op 'n volgehoue grondslag genoegsaam te onderhou.
- (5) Die saak of ekonomiese onderneming moet bewyse byderhand hou van die getal, ouderdom, geslag, ras en spesie van diere wat aangehou/geteel word, van die getal en name van werknemers én hulle tersaaklike vaardighede/opleiding, en van die versorgingsregime wat ingestel is om die welsyn van die diere te beskerm, wat die Stad op enige redelike tyd kan inspekteer.
- (6) Die magtiging is beperk tot die goedgekeurde ligging, en enige persoon of onderneming wat diere as deel van 'n sake- of ekonomiese aktiwiteit aanhou of teel en wat van ligging verander, moet die Stad voor die beplande verskuiwing van die nuwe perseel in kennis stel. Die Stad kan die nuwe perseel inspekteer en die permit heruittrek of terugtrek, na gelang van die omstandighede.
- (7) Indien die Stad enigszins twyfel oor die vermoë van die saak of ekonomiese onderneming om te voorsien in die welsynsbehoefes van die diere wat deel uitmaak van hulle bedrywighede, moet die Stad magtiging weier, of dit terugtrek indien dit reeds toegestaan is.
- (8) Die sake- of ekonomiese aktiwiteit mag nie beoefen word totdat magtiging verleen is nie.
- (9) Die Stad kan sakepersele of -kantore onverwyld sluit om te verhoed dat diegene wat nie oor magtiging van die Stad beskik nie, hetsy omdat –
- (a) magtiging nie verleen is nie; of
 - (b) magtiging teruggetrek is,
- enige sake- of ekonomiese aktiwiteite met betrekking tot die aanhou, verkoop of teel van diere beoefen.
- (10) Aanhouders of telers van diere vir sake- of ekonomiese aktiwiteite mag slegs toegelaat word om diere van gemagtigde telers te koop of te verkry.
- (11) Enige persoon, saak of ekonomiese onderneming wat die eienaarskap van 'n dier aan 'n ander persoon of onderneming verkoop of oordra, moet die persoon of onderneming wat die dier oorneem van tersaaklike inligting en advies voorsien oor hoe om die dier se welsyn, gesondheid en welstand te verseker en te beskerm. Dit sluit onder meer in –
- (a) hoe om sodanige dier aan te hou, te versorg en te hanteer;
 - (b) die voorkoming van ongewenste aanteling;
 - (c) die inentings en ander gesondheidsvereistes wat vir die betrokke dier aanbeveel word; en
 - (d) enige vereistes of beperkings met betrekking tot die aanhou of teel van sodanige diere.

- (12) Bewys van voldoening aan subartikel (11) moet bewaar word en op aanvraag en op alle redelike tye beskikbaar gestel word vir inspeksie deur 'n gemagtigde amptenaar.
- (13) Aanhouders of telers van diere vir sake- of ekonomiese aktiwiteite moet sorg dat enige diere wat nie meer geskik is vir die betrokke sake- of ekonomiese aktiwiteit nie, 'n nuwe tuiste kry of na 'n skooling of veilige hawe gestuur word waar dit ook al moontlik is.
- (14) Diere mag nie op onmenslike wyse te koop aangebied of vertoon word in troeteldierwinkels of op enige ander perseel van ondernemings wat diere as deel van hulle sake- of ekonomiese aktiwiteite gebruik nie.
- (15) Die Stad kan beperkings of 'n verbod plaas op die magtiging van sake- of ekonomiese aktiwiteite wat die verhandeling of verkoop van sekere wilde diere of produkte van wilde diere behels.
- (16) Waar die regulasies insake die konvensie oor internasionale handel in bedreigde wilde plant- en dierspesies (CITES), 2010 (soos gewysig), wat ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit uitgevaardig is, die Wet op Dierebeskerming (Wet 71 van 1962) en die Provinsiale Ordonnansie op Natuurbewaring (No. 19 van 1974, soos gewysig) vir handel voorsiening maak, moet enige persoon, saak of ekonomiese onderneming wat die eienaarskap van 'n dier aan 'n ander persoon, saak of ekonomiese onderneming verkoop of oordra, die betrokke riglyne of beperkings toepas.
- (17) Geen persoon mag 'n dier sonder die Stad se magtiging verkoop of te koop aanbied –
- (a) in 'n straat of openbare plek nie;
 - (b) in of vanuit 'n verskuifbare struktuur of voertuig nie;
 - (c) by openbare markte nie; en
 - (d) aanlyn of op sosialemediaplatforms of -afsetplekke nie.
- (18) Dit is verbode om enige dier waarvan die voortgesette lewe met ongeneeslike pyn, lyding, worsteling, foltering of nood sal gepaardgaan, vir enige ander doel as onmiddellike genadedood oor te dra, te verkoop, te koop aan te bied, te vervoer of te koop. Enigiemand wat so 'n dier koop of verkry, moet die dier 'n onmiddellike genadedood toedien of laat toedien.
- (19) Dit is voorts verbode om sonder redelike gronde enige dier met ongeneeslike pyn, lyding, worsteling, nood of siekte te besit.

14. Beheer oor diere

- (1) 'n Persoon wat enige dier aanhou, moet sorg dat die dier onder behoorlike en doeltreffende beheer is wanneer dit die perseel waar dit aangehou word, verlaat, en dat dit nie enige persoon, dier of eiendom in gevaar stel nie.
- (2) Die Stad kan beslag lê op enige oënskynlik eienaarlose of siek of gevaarlike of wreedaardige dier, en dit skut, indien die dier sonder toesig in enige openbare straat of enige openbare plek aangetref word of daar rondloop.
- (3) 'n Persoon wat 'n dier aanhou, mag nie die dier in of op enige padreserwe of enige openbare eiendom laat wei of toelaat dat iemand anders dit daar laat wei nie.

- (4) Die Stad kan beslag lê op enige sodanige dier wat in of op enige padreserwe of enige openbare eiendom aangetref word, en dit skut, ongeag of die dier onder toesig is of nie.
- (5) Buiten om 'n dier te skut, mag geen persoon enige dier in enige openbare straat of op enige openbare pad in die regsgebied van die Stad vervoer of laat vervoer sonder die vooraf- skriftelike toestemming van die Stad nie, welke goedkeuring op sekere voorwaardes toegestaan kan word.

15. Beheer oor werksdiere

- (1) Geen persoon wat 'n werksdier aan die werk sit, mag –
 - (a) die werksdier in enige openbare plek laat kom as die dier nie 'n dieraangedrewe vervoermiddel kan trek nie, aan besering of siekte ly, of andersins ongeskik of onbevoeg is om die beoogde werk te verrig;
 - (b) toelaat dat die werksdier 'n gevaar vir die verkeer in enige openbare straat of pad inhou nie;
 - (c) toelaat dat die werksdier 'n bron van gevaar of besering vir enige persoon of dier in 'n openbare straat is of kan wees nie;
 - (d) die werksdier in enige openbare straat of plek laat kom as die dier nie onder die persoon se beheer is nie;
 - (e) enige werksdier laat werk as die naam, telefoonnommer en adres van die eienaar nie op die dier verskyn nie;
 - (f) enige werksdier enige vervoermiddel laat trek of enige tuig gebruik wat nie voldoen aan die SABS-standaarde en kriteria wat die Stad van tyd tot tyd kan bepaal nie;
 - (g) enige werksperd laat werk sonder 'n geldige E53-operateurspermit wat die persoon as 'n bestuurder identifiseer nie;
 - (h) jonger as agtien jaar wees nie; of
 - (i) onder die invloed van dwelmmiddels of alkohol wees nie.

16. Werksperde

- (1) Enige eienaar wat 'n werksperd aan die werk wil sit, moet by die Stad om 'n permit vir sodanige werksperd aansoek doen.
- (2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet skriftelik op 'n voorgeskrewe vorm ooreenkomstig tersaaklike Stadsbeleide en -standaardbedryfsprosedures geskied.
- (3) 'n Aansoek om 'n permit moet ook –
 - (a) dokumentêre bewys insluit dat die werksperd die vul van 'n werksmerrie is; en
 - (b) vergesel wees van die voorgeskrewe fooi.
- (4) Hoogstens een permit mag ten opsigte van 'n werksperd uitgereik word.

17. Beslaglegging op, skut en van kant maak van werksperde

- (1) 'n Gemagtigde amptenaar kan beslag lê op enige werksperd, dit skut of van kant maak by 'n plek wat die Stad aanwys indien die perd –
 - (a) op advies van 'n veearts of ingevolge die bepalings van enige wet van kant gemaak mag word;
 - (b) na die amptenaar se mening nie daartoe in staat is om 'n dieraangedrewe vervoermiddel te trek nie;
 - (c) na die amptenaar se mening 'n gevaar vir verkeer in enige openbare straat inhou;
 - (d) los loop of oënskynlik sonder 'n eienaar is; of
 - (e) in enige openbare plek is waar sodanige werksperd na die gemagtigde amptenaar se mening nie onder behoorlike beheer is nie.

18. Verbod op bevryding van geskutte werksperde

- (1) Geen persoon mag deur middel van dreigemente van geweld of op enige ander manier enige werksperd wat op regmatige wyse na 'n skut gebring word, bevry of probeer bevry van die persoon of persone in beheer van sodanige skut, of enige werksperd bevry of probeer bevry nadat die dier reeds op regmatige wyse deur 'n gemagtigde amptenaar geskut is nie.

19. Rondloperdiere

- (1) 'n Persoon wat 'n rondloperdier red of bekom, moet binne vier-en-twintig uur die datum en tyd van die redding en 'n beskrywing van die dier by die Stad aanmeld.
- (2) 'n Gemagtigde amptenaar kan –
 - (a) beslag lê op enige dier wat op enige perseel, openbare plek of openbare pad aangetref word, en wat –
 - (i) nie onder enige persoon se toesig of beheer is nie; en
 - (ii) 'n steurnis veroorsaak of inhou; en
 - (b) enige sodanige dier skut of laat skut by 'n skut of ander fasiliteit wat die Stad vir sodanige doeleindes aanwys.
- (3) Die Stad kan enige dier wat ingevolge subartikel 1(b) geskut is, verkoop, met dien verstande dat –
 - (a) 'n tydperk van minstens tien dae verloop het sedert die dier geskut is;
 - (b) in geval van groot diere, minstens dertig dae verloop het sedert die dier geskut is; en
 - (c) die Stad alle redelike stappe gedoen het om die eienaar te verwittig dat die dier geskut is.
- (4) Enige dier wat ingevolge subartikel 1(b) geskut is, kan van kant gemaak word indien sodanige dier –
 - (a) 'n infeksie- of aansteeklike siekte dra; of
 - (b) onbeheerbaar, wreedaardig of gevaarlik is,

in so 'n mate dat die dier 'n onmiddellike en wesentliche gevaar vir die gesondheid en veiligheid van ander diere of die algemene publiek inhou.

- (5) Die van kant maak van enige dier ingevolge hierdie verordening moet uitgevoer word met sodanige voorsorgmaatreëls en op sodanige wyse as wat nodig is om die minste moontlike lyding te veroorsaak.
- (6) Die persoon wat die geskutte dier opeis, moet aan die Stad die redelike koste vir die skut en verwydering van die dier betaal, plus die redelike koste van die organisasie wat die dier moes huisves, voordat die dier aan die persoon oorhandig kan word.

20. Beslaglegging op en verwydering van 'n dier

- (1) Die Stad moet enige dier wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) op beslag gelê of geskut is, na 'n Stadsaangewese plek verwyder waar die dier gehuisves kan word indien 'n hof ingevolge hierdie verordening so gelas.
- (2) Enige dier wat ingevolge hierdie verordening op beslag gelê en geskut word, moet vir minstens tien dae by die Stadsaangewese plek gehou word om die eienaar of persoon in beheer van die dier in staat te stel om die dier op te eis.
- (3) Groot diere moet minstens dertig dae by die Stadsaangewese plek gehou word om die eienaar of persoon in beheer van die dier in staat te stel om die dier op te eis.
- (4) Indien die eienaar of persoon in beheer van die dier nié die dier binne die tydperke in subartikel (2) en (3) hierbo opeis nie, kan die Stad die dier verkoop of skenk en enige opbrengs op die verkoop hou en tot sy eie voordeel aanwend, of andersins van die dier ontslae raak.
- (5) Die persoon wat die geskutte dier opeis, moet aan die Stad die redelike koste vir die skut en verwydering van die dier betaal, plus die redelike koste van die organisasie wat die dier moes huisves, voordat die dier aan die persoon oorhandig kan word.
- (6) Indien 'n dier ingevolge hierdie verordening op beslag gelê en geskut word en, waar dit van toepassing is, so siek of beseer of in so 'n swak fisiese toestand is dat dit wreed sou wees of onnodige lyding vir die dier sou veroorsaak om dit aan die lewe te hou, en die dier dus sonder onnodige vertraging van kant gemaak behoort te word, kan die Stad 'n veearts ontbied om die dier te ondersoek. Indien die veearts ná sodanige ondersoek verklaar dat die dier so siek of beseer of in so 'n swak fisiese toestand is dat dit wreed sou wees of onnodige lyding vir die dier sou veroorsaak om dit aan die lewe te hou, en dat die dier dus van kant gemaak behoort te word, kan die Stad 'n veearts opdrag gee om die dier onverwyld van kant te maak of van kant te laat maak op 'n wyse wat die minste moontlike lyding veroorsaak.
- (7) Die Stad kan die redelike veeartskoste en ander koste vir die uitvoering van die bepalings van subartikel (5) van die eienaar of persoon in beheer van die betrokke dier verhaal.
- (8) 'n Hond of kat wat ingevolge hierdie verordening of die bepalings van enige ander wet geskut of verwyder is en wat na die mening van die gemagtigde amptenaar –
 - (a) aan enige ongeneeslike, infeksie- of aansteeklike siekte ly, of ernstig beseer is; of
 - (b) onbeheerbaar, wreedaardig of gevaarlik is,

kan onverwyld van kant gemaak word. Die van kant maak van enige hond of kat moet op sodanige pynlose wyse geskied as wat 'n geregistreerde veearts kan goedkeur, en moet onder die toesig van 'n gemagtigde amptenaar geskied.

HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE AANHOU VAN DIERE

21. Welsynsfasiliteite vir die versorging en huisvesting van diere

- (1) Alle entiteite wat hulle vir diere welsynsorganisasies uitgee, moet geregistreerde entiteite sonder winsoogmerk wees wie se hoofmissie en -oogmerk dit is om diere lyding te verminder en diere welsyn te verbeter.
